



## Hoërskool McLachlan

Posbus 3  
Joubertina  
6410

042-273-1335  
042-273-1210  
info@hsmclachlan.co.za  
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 21/08 2020

Geagte Ouers/Voogde

1. **Gewysigde skoolkwartale:**

Kwartaal 3: 24 Augustus 2020 tot 23 Oktober 2020 (behalwe, gr. 7 en 12)

Kwartaal 4: 2 November 2020 tot 15 Desember 2020

2. **Miencke Strydom hou kultuur wakker:**

Miencke het in die grendeltyd aan Digipraat van die ATKV deelgeneem en 'n A behaal. Sy het ook aan die Interskole Redenaarsliga (finaal) deelgeneem en 90(A++) behaal. Ons is baie trots op haar.

3. **Terugkeerdatums van leerders:**

Graad 1, 2, 3, 4, 5, 6, 8, 9, 10, 11: 24 Augustus 2020 (**Dag 8, groep B**)

- Elke leerder sal Maandag & Dinsdag 'n volledige inligtingstuk rakende die veiligheid en hantering van die Covid-19-prosedure ontvang.
- Inligting met die aanpassing van die klasrooster sal Maandag & Dinsdag uitgedeel word.
- U sal ook 'n video via u kind se graad se whatsapp-groep ontvang om die skanderingsprosedure te verduidelik.

4. **Bustye:**

Die roetebustye vanaf **Maandag, 24 Augustus 2020**, is as volg:

Misgund: 06:45  
Louterwater: 07:00  
Krakeelrivier: 07:15

5. **Praktiese reëlins vir die fases wat terugkeer:**

**Ingang/Uitgang van onderskeie grade:**

Graad	Hek (ingang) 07:30-08:00	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 08:00	Ma.-Vr.: 08:00 – 12:40
3, 7, 8, 9, 12	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek	07:30 - 08:00	Ma.- Do.: 08:00 – 14:15 Vr.: 08:00 – 12:40
4, 5, 6, 10, 11	Skuifhok (Pfaffstraat)	Skuifhok	07:30 - 08:00	Ma.- Do.: 08:00 – 14:15 Vr.: 08:00 – 12:40

**Kleredrag :**

Leerders moet asseblief met hul **eie masker** soos voorgeskryf deur die WGO, skool toe kom. Wintersdrag met skoolskoene OF skoolsweetpak met tekkies. **GEEN KAALVOETE NIE.**

### Graad 1,2,3:

- **Graad 1,2 & 3**-leerders gebruik soggens by die skool die bushek. Die hek word om 07:30 oopgesluit en om 07:55 toegesluit.
- **Graad 3** leerders verlaat die skool om 14:15 deur die **bushek**.
- **Graad 1 & 2** leerders verlaat die skool om 12:40 deur die **klein hekkie**. Hulle word na die hekkie vergesel deur 'n onderwyser. Die hekkie word oopgesluit en weer om 13:00 toegesluit. Ouers moet asseblief hul kinders betyds by skool kom haal. **GEEN LEERDERS MAG WAG TOT 14:15 NIE, BEHALWE LEERDERS WAT VIR DIE BUSROETE WAG. Ouers moet asseblief vervoerreëlings met privaat vervoer tref.**
- Elke klas in 2 groepe verdeel. Groep A en Groep B. Die groepe is op die klas se whatsapp-groep uiteengesit.
- **Maandag begin groep B.**

### Graad 4,5,6,7,8,9,10,11:

#### Klasindeling:

Uit die aard van die omstandighede moes ons aanpassings maak aan die rooster en klasindelings. Dit werk as volg:

- Ons volg dieselfde rooster as in kwartaal 1.
- Wat wel verander, is dat elke klas in 2 groepe verdeel is. Die indeling van die groepe is op die klas se whatsapp-groep uiteengesit.
- Maak seker in watter groep u kind ingedeel is.
- Elke dagrooster word herhaal sodat albei groepe dieselfde onderrig kry. Die groepe kom op alternatiewe dae skool toe en die rooster word gevolg totdat die 10 dae voltooi is.
- GEEN leerder sal toegelaat word om tussen groepe te skuif nie.
- Daar sal geen saal en VCSV vir die res van die jaar wees nie. Dag 1, periode 1 sal dus vir akademie aangewend word.
- Die sportperiodes vir grade 4 tot 7 sal ook vir akademie aangewend word.
- Elke leerder sal Maandag 'n rooster ontvang vir die verandering van dag 1, periode 1 én die sportperiodes. Die volgorde van die 10dagrooster is ook daarop uiteengesit.
- **Maandag begin ons met DAG 8, GROEP B.**

### Covid-19:

#### Prosedure voor skool:

Die skool se hekke word elke oggend om 07:30 oopgesluit en word weer om 07:55 gesluit. Leerders wat na 08:00 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

Hoërskool McLachlan was tot dusver baie gelukkig om nog geen positiewe Covid-19-gevalle by die skool te hê nie, òf dat dit nodig was om die skool te sluit nie.

Ek vra asseblief alle ouers en leerders se samewerking in hierdie verband.

**Geen persoon anders as leerders en beamptes (personeel) mag die skoolterrein betree sonder vooraf toestemming van die skoolhoof nie. Ouers moet asseblief die sekretaresse kontak vir 'n afspraak met die skoolhoof en personeel.**

Ouers moet asseblief seker maak dat kinders met die regte maskers skool toe kom. Geen leerder sal op die skoolterrein toegelaat word sonder 'n masker nie. Skoolmaskers is teen R15 by Spektrum te koop.

Alle leerders wat van Hoërskool McLachlan en die Departement van Onderwys se busvervoerdiens gebruik maak, moet op die bus 'n masker dra.

'n Leerder moet tuis bly indien hy/sy enige van die volgende simptome toon:

- Koors
- Hoes
- Rooi oë
- Asemhalingsprobleme
- Liggaamspyn
- Moegheid of swakheid
- Verlies aan reuk en smaak
- Naarheid
- Braking

Ouers moet die skool dadelik hiervan in kennis stel en 'n kliniek- of doktersertifikaat skool toe stuur.

6. **Grannor Passi-projek:**

Hoërskool McLachlan loods weer in 2020 die Granor Passi-projek. Langkloofprodusente kan vrugte by die sapfabriek onder Hoërskool McLachlan se naam lewer. Die nommer waaronder u dit moet lewer, is **019**. Hierdie is 'n geleentheid vir die boerderygemeenskap om die skool te ondersteun. Ons skool het baie finansiële uitdagings en weet met hierdie projek sal u 'n groot verskil kan maak. Die inkomste van die projek sal direk deur Granor Passi in McLachlan se rekening inbetaal word.

Ons moedig produsente aan om aan hierdie projek deel te neem en sodoende 'n verskil te maak aan ons kinders se toekoms by Hoërskool McLachlan. Die skool is die hart van die gemeenskap en met u bydrae sal ons sy voortbestaan kan verseker.

7. **WEN 'n KIA-PICANTO (2020)-fondsinsamelingsprojek:**

Inbetaling word by die registeronderwysers gedoen. Die laaste datum van inbetaling is **9 Oktober 2020**.

- ✓ U as ouer is verantwoordelik vir die boekie en indien u dit verloor, sal u aanspreeklik gehou word vir die inbetaling van R500.
- ✓ Leerders wat 'n tweede boekie wil verkoop, kan daarvoor vra na die eerste inbetaling.
- ✓ Die wenner van die Kia-Picanto (2020) word in November aangewys.

*S. Pienaar*

S. PIENAAR

Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan

Posbus 3, Joubertina, 6410

Oos-Kaap, Suid Afrika

Tel: +27 (0) 42 273 1335

Fax: +27 (0) 42 273 1210

INTERNET  
GENERATION



McLachlan Internet Fasiliteit



Hoërskool McLachlan